

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 10: Miketz – Aan die Einde

Dit het gebeur dat Faraο twee jaar later gedroom het: let op, hy staan by die rivier. Gen. 41:1¹

Torah : Gen. 41:1 tot 44:17.

Haftorah: 1 Kon. 3:15 tot 4:1.

Nuwe Verbond: Matt. 7:2; Luk. 4:16 tot 31. 1Kor. 2:1-5.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige jare se notas vir Parashah 10 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

To be "in the will of God" is not a matter of intellectual discernment, but a state of heart. Its motto is: " My Father can do what he likes with me, He may bless me to death, or give me a bitter cup; I delight to do His will – Oswald Chambers.

God doesn't work on our timetable. He has a plan that He will execute perfectly and for the highest, greatest good of all, and for His ultimate glory – Charles R. Swindoll

There are no 'if's' in God's world. And no places that are safer than other places. The center of His will is our only safety - let us pray that we may always know it! – Corrie ten Boom.

For each one of us, there is only one thing necessary: to full fill our own destiny, according to God's will, to be what God wants us to be – Thomas Merton.

Faith that fizzles in the finish has a flaw in the beginning – Dwight L Moody.

We are told to let our light shine, and if it does, we won't need to tell anybody it does. Lighthouses don't fire cannons to call attention to their shining- they just shine. – Dwight L. Moody.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torah Bespreking

Hersiening

In verlede week se Torahskriflesing het die fokus vanaf die individuele lewe van ons voorvaders verskuif na die seuns van Ya'akov, naamlik die begin van die twaalf stamme van die volk van Yisra'el. Dit was ook die begin van die geskiedenis van Yosef wat ten spyte van teëspoed, geleef het op 'n wyse dat almal kon sien dat יהוה-God met hom was!!

Die vorige Torahskriflesing het geëindig met die woorde: *Tog het die hoof van die skinkers nie aan Yosef gedink nie, maar hom vergeet*. Vir twee jaar lank het die voorman van die skinkers van Yosef se versoek vergeet om hom te onthou en hom 'n guns by Farao te bewys (Gen. 40:14). Dit was eers twee jaar later, en nadat Farao 'n droom gehad het, wat al die astroloë en al die geleerde manne van Mitzrayim nie kon verklaar het nie, dat die hoof van die skinkers van Yosef onthou het! Daarom is die openingswoorde en betekenis van *Miketz*: *Twee jaar later of anders gestel: Aan die einde van twee jaar*.

Aan die einde is ook profetiese woorde vir die tyd waarin ons leef. Die meerderheid mense, ongeag of hulle geestelik ingestel is of nie, is van mening dat ons aan die einde van tye gekom het. Ons leef aan die einde van die tweeduisend-jaar siklus na Yeshua se folterdood, opstanding en hemelvaart. Hierdie is die derde tweeduisend-jaar siklus sedert die Skepping wat gevolg sal word deur 'n duisend-jaar van vrede, bekend as die Millennium. Daarom is dit gepas dat ons die woorde van Sha'ul in 1Kor. 10:1-11 sal onthou, naamlik dat ons nie God sal versoek soos Yisra'el gedoen het nie. Veral vers 11 waar Sha'ul ons herinner dat al hierdie dinge wat Yisra'el van ouds oorgekom het, opgeskrywe is as 'n waarskuwing aan ons op wie die einde van die eeue gekom het.

Die belangrikste is Sha'ul se woorde in vers 12 waar hy almal waarsku: "Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie". Ons leef in tye waar ons God met respekvolle vrees moet dien en in alles aan Hom, deur die onverdiende guns in Yeshua, dié Gesalfde Een, gehoorsaam moet wees (Ps. 2:11; Fil. 2:12)!

Die Afgesonderde Skrif in geheel wys na wat aan die einde van tye sal gebeur. Dit herinner ons aan die teksvers in Jes. 46:9-11 wat ons leer dat die einde word deur die begin bekend maak:

- ⁹ Onthou die dinge wat van ouds af was, want Ek is God en daar is geen ander nie; Ek is God en daar is niemand soos Ek nie;
- ¹⁰ wat van die begin af die einde verklaar en van die ou tyd af dinge wat nog nie gedoen is nie; wat sê: 'My plan sal stand hou en Ek sal al My begeertes uitvoer;
- ¹¹ wat 'n roofvoël roep uit die ooste, die man van My doel uit 'n ver land. Waarlik, Ek het gepraat, Ek sal dit laat gebeur. Ek het dit beplan, Ek sal dit doen.

Yosef se lewe is vir ons 'n bewys van יהוה se onverdiende guns en dat Sy Raadsplan nie van stryk gebring sal word deur ons eie tekortkominge of selfs ons omstandighede nie. Die geskiedenis van Yosef is ook bevestiging dat God se tydsplan volmaak is en dat ons as mense nie altyd die groter prentjie van יהוה se plan sien of verstaan nie.

Ons Torahskriflesing vir dié week is 'n voortsetting van die geskiedenis van Yosef. Hierdie geskiedenis is bevestiging dat God te alle tye en in alle omstandighede altyd in beheer is, al lyk dit uit menslike oogpunt nie altyd so nie!

Bepeins of Bespreek

1. Talle gelowiges leef onder die indruk dat goeie bedoelings 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid is. Maar dit is 'n leuen en 'n ernstige misleiding!! Lees die volgende artikel in die verband: [Goeie Bedoelings](#). Lees hiermee saam wat Yeshua in Matt. 7:13-23, veral in verse 21-23, gesê het! Is dit wat Sha'ul ondermeer bedoel het toe hy gewaarsku het dat elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie?
2. Talle gelowiges besef ook nie dat die kerk baie leuens verkondig wat 'n susmiddel is om lidmate te verseker van hulle redding. Indien jy nog nie die artikel van Hein Zentgraf, "Leuens wat die Kerk my Geleer het", gelees het nie, wil ek jou aanmoedig om dit biddend te lees en vir familie en vriende aan te stuur wat nog vasgevang is in die leerstellings van die kerk. Hierdie artikel is beskikbaar by: [Leuens wat die Kerk my geleer het](#)

'n Toekomstige Hongersnood!

In Gen. 41:28-32 lees ons van Yosef wat die betekenis van Farao se twee drome uitlê, naamlik sewe jaar van voedseloorvloed wat gevolg sal word deur sewe jaar van hongersnood.

28 Dit is wat ek vir Farao gesê het: "God het vir Farao gewys wat Hy op die punt staan om te doen.

29 Let op, daar kom sewe jare van groot oorvloed in die hele land van Mitzrayim

30 en daarna sal sewe jare van hongersnood aanbreek en al die oorvloed sal in Mitzrayim vergeet word en die hongersnood sal die land vernietig.

31 Die oorvloed sal nie in die land opgemerk word weens die hongersnood wat daarna sal volg nie, want dit sal baie swaar wees.

32 Die droom is twee maal vir Farao herhaal omdat die saak deur God besluit is en God sal dit gou laat gebeur.

Maar Farao se twee drome is ook 'n profetiese heenwysing na 'n toekomstige hongersnood soos wat Amos geprofeteer het:

"Let op, daar kom dae," verklaar יהוה-God, "wanneer Ek 'n hongersnood oor die land sal stuur, nie 'n honger na brood of 'n dors na water nie, maar eerder om die boodskap van יהוה te hoor en te doen. Amos 8:11.

Die profeet Amos verklaar dat daar 'n tyd gaan kom wat daar 'n hongersnood gaan wees – nie 'n honger na brood en water nie, maar 'n honger om die Woord (die Torah) van יהוה te hoor en dit te doen! Let wel dat hierdie hongersnood nie weens 'n gebrek aan die Woord is nie, maar weens 'n gebrek om die Woord te hoor, dit te bewaar en dit in gehoorsaamheid te doen! Dit beteken dat die Woord vrylik beskikbaar is, maar die mense hoor nie, verstaan nie en doen nie wat die Woord van God vir hulle sê nie.

Hongersnood beteken om mettertyd te sterwe weens 'n gebrek aan voedsel. Volgens die profeet Amos sal daar dus 'n tyd kom wat mense geestelik sal sterf omrede hulle weier om gehoorsaam te wees aan יהוה se onderrig en instruksies, naamlik Sy Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is. Hierdie toestand ontstaan omrede mense net dit wil hoor wat hulle graag wil hoor. Hulle wil dié dinge hoor wat hulle gehoor streef soos Sha'ul skryf in 2Tim. 4:1-4:

1 Ek beveel jou, voor God en ons Meester Yeshua, Die Gesalfde Een; Hy wat die lewende en dié wat dood is, gaan oordeel by die openbaring van Sy Koninkryk:

2 verkondig die boodskap; staan ywerig daarop, tydig en ontydig; berispe, spreek aan met baie aanhoudende geduld en lering,

3 want daar kom 'n tyd dat hulle die ware leer nie sal gehoorsaam nie, maar leermeesters bymekaarmaak volgens hulle eie begeertes, wat hulle gehoor kan streef
4 en hulle sal hulle ore van die waarheid af wegdraai en na fabels toe draai.

Leonard Ravenhill het gesê: *We live in a day of itching ears, but I have no commission from God to scratch them.*

Amos se profesie kan vergelyk word met die 'man hu' (manna) waarmee God Sy volk op hulle swerftog in die wildernis mee gevoed het, maar hulle het gemurmureer en het vleis gesoek (Num. 11:4). God het toe vir hulle kwartels in oorvloed gestuur (Num. 11:31), maar dan lees ons in verse 32-33:

32 Die volk het daardie hele dag, die hele nag en die hele volgende dag opgestaan en die kwartels bymekaargemaak. Hy wat die minste bymekaargemaak het, het tien homer bymekaargemaak en hulle het dit vir hulleself uitgesprei oral rondom die kamp.
33 Terwyl die vleis nog tussen hulle tande was, voordat dit gekou is, het die woede van יהוה teen die volk ontbrand en יהוה het die volk met 'n baie ernstige plaag geslaan.

יהוה het vir die volk gegee wat hulle begeer, maar dit het die dood van talle veroorsaak!!

Die Woorde van יהוה, naamlik Yeshua dié Gesalfde van God, is die Lewende Brood wat vanuit die hemel gekom het soos wat Yeshua self bevestig het (Joh. 6:48-51).

48 Ek is onveranderlik dieselfde, die Brood van Lewe.

49 Julle vaders het die 'man hu' in die wildernis geëet en het doodgegaan.

50 Hierdie is die Brood wat vanuit die hemel afgekom het sodat iemand daarvan kan eet en nie doodgaan nie.

51 Ek is onveranderlik dieselfde, die Lewende Brood, wat vanuit die hemel afgekom het. As iemand van hierdie Brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. Die Brood wat Ek sal gee, is My liggaam, wat Ek ter wille van die lewe van die wêreld, sal gee."

Elkeen wat van hierdie Brood eet, sal vir ewig lewe! Soos heilsame voedsel (brood) noodsaaklik is om die liggaam mee te voed, so ook moet ons gees en siel gevoed word met die onvervalste Lewende Brood van God.

Maar die meerderheid van die Christendom is nie tevrede met hierdie Lewende Brood nie! Soos Yisra'el van ouds in die wildernis is hulle nie tevrede met God se voorsiening nie! Hulle wil nie net eet van die 'Boom-van-die-Lewe' nie, maar ook van die 'Boom-van-die-Kennis-van-Goedheid-en-Boosheid' (Gen. 2:9).

Hierdie "geestelike dieet" gee die gevoel van genot en versadiging, maar het weinig geestelike voedingswaarde. Die resultaat is gelowiges wat geestelik ondervoed en wangevoed is. Uiteindelik lei dit tot geestelike dood, want יהוה se Torah is uit hulle "geestelike dieet" verwyder!! Hulle versadig hulself op tradisie en mensgemaakte leerstellings en luister gulsig na boodskappe van Christenselfisme en -materialisme, terwyl gehoorsaamheid aan יהוה se onderrig en instruksies verwerp word.

Hierdie gelowiges sal wees soos wat Amos profeteer (Amos 8:12), naamlik dat hulle heen en weer sal gaan om die Woord (Boodskap) van יהוה te soek, maar hulle sal dit nie vind nie, want dit is nie wat hulle wil hoor nie! Die liefde vir die waarheid van God se Woord ontbreek by hulle. Dit herinner ons aan die woorde van Sha'ul in 2Thess. 2:11-12.

11 God het daarom vir hulle die effektiewe werking van die misleiding gestuur dat hulle die leuen sal glo.

12 Almal wat nie vertrou het in die waarheid nie, maar boosheid gekies het, sal geoordeel word.

Dit is hulle wat nie die goeie boodskap (die evangelie) glo nie, want die god van hierdie wêreld het hulle intellek verblind (2Kor. 4:3-4).

Ons leef egter nog in die tyd van geestelike oorvloed – die sewe jare van groot oorvloed soos deur die sewe vet koeie en die sewe vet koringare in Farao se droom uitgebeeld word. Daarom moet ons יהוה soek terwyl Hy nog te vinde is!

6 Soek יהוה terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is.

7 Laat die wettelose sy pad verlaat en die onopregte en partydige sy gedagtes en laat hom terugdraai na יהוה en Hy sal vir hom omgee; na ons God, want Hy sal oorvloedig vryspreek, Jes. 55:6-7.

Ons moet in hierdie tyd van geestelike oorvloed vir ons hemelse skatte versamel wat nie kan vergaan of gesteel word nie. Dit sal ons voorsiening wees vir die komende hongersnood wat deur die sewe maer koeie en sewe maer koringare van Farao se droom uitgebeeld word.

19 Moenie vir julle skatte opgaan hier op die aarde, waar motte en roes vernietig en waar diewe inbreek en steel nie,

20 maar stoor vir julleself skatte in die hemel, waar mot of roes nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie,

21 want waar julle rykdom is, daar sal julle gedagtes, wil en emosie ook wees. Matt. 6:19-21.

Die skatte wat ons bymekaar moet maak is vertrou in God as die getroue Verbondgod wat onverdiende guns bewys aan elkeen wat getrou is aan Sy Torah soos in dié Gesalfde Een, Yeshua ons Meester, vervolmaak is (Deut. 7:9; Matt. 5:17)! Dit gaan ons geestelike voedsel wees in die komende dae van geestelike hongersnood! Soos Sha'ul ons gewaarsku het: Elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie in die toekoms gaan val nie!!

Bepeins of Bespreek

1. Is jy seker dat jy staande gaan bly wanneer die einde van die eeue aanbreek (1Kor. 10:11)!
2. Volgens die Afgesonderde Skrif is beide Yosef en Dawid 'n sinnebeeld van Yeshua, dié Gesalfde Een. Yosef word vereenselwig met die eerste koms van Yeshua en daarom word Yeshua ook *Mashiach Ben Yosef* (dié Gesalfde Seun van Yosef) genoem, naamlik die dienende en lydende Gesalfde Een. Dawid word vereenselwig met die wederkoms van Yeshua en daarom word Yeshua ook *Mashiach Ben David* (dié Gesalfde Seun van Dawid), die Koning van alle konings, genoem. Ons leef steeds in die dispensasie van *Mashiach Ben Josef* en daarom is ons ook die dienende, en dikwels die lydende, studentevolgelinge van Yeshua. Tot met die wederkoms van Yeshua sal ons lewe ook in vele opsigte soos die van Yosef wees. Ons sal beproef word en daagliks met probleme, versoekinge en uitdagings worstel.
3. Wanneer moet ons tot aksie oorgaan en iets aan ons omstandighede doen, en wanneer moet ons net wag op Vader-God om ons gebede te verhoor en ons te bevry van ons negatiewe omstandighede? Is geestelike oorlogvoering altyd die oplossing in tye van beproewing? Die volgende verduideliking van David Wilkerson bied moontlike antwoorde:

Prayer And Obedience.

We sometimes go to God in prayer as if He were a rich relative who will support us and give us all we beg for, while we lift not even a hand to help. We lift our hands to God in prayer, and then put them in our pockets.

We expect our prayers to get God to working for us while we sit idly by, thinking to ourselves, "He has all the power; I have none, so I will simply stand still and let Him do the work."

It sounds like good theology, but it is not. God will have no idle beggars at His door. He will not even allow us to be charitable to those on earth who refuse to work.

"We commanded you, that if any would not work, neither should he eat" (2 Thessalonians 3:10).

There is nothing unscriptural about adding sweat to our tears.

Take, for example, the matter of praying for victory over a secret lust that lingers in the heart. Do you simply ask God to take it away miraculously, then sit by, hoping it will die on its own? No sin has ever been slain in the heart without the cooperation of man's own hand, as in the case of Joshua. All night long, he lay prostrated and mourning over Israel's defeat. God set him on his feet saying, "Get thee up; wherefore liest thou thus upon thy face?"

Israel hath sinned, and they have also transgressed my covenant which I commanded them... Up, sanctify the people" (Josh 7:10-13).

God has every right to rouse us from our knees and say, "Why sit around lazily, waiting for a miracle? Have I not commanded you to flee from the very appearance of evil? You are to do more than simply pray against your lust-you are commanded also to run from it. You cannot rest until you have done all that is commanded."

Do not blame God for not listening to your prayers if you are not listening to His call to obedience. You will end up blaspheming God and accusing Him of negligence, while all along you will be the culprit.

Waarom Teëspoed, Hartseer en Lyding?

In vorige notas het ons Yosef se voorspoed te midde van teëspoed bespreek. In die lig daarvan moet ons besin oor ons siening van voorspoed. Ons het ook geleer dat diegene wat יהוה lief het en Torahgehoorsaam lewe selfs te midde van teëspoed geseën sal word, want vir diegene wat יהוה lief het, sal alles ten goede meewerk (Rom. 8:28)!

Vanaf die ouderdom van 17 jaar het Yosef se lewe nie uitgedraai soos hy verwag het nie. Ons kan wel vra: Het Yosef nie dikwels geworstel met die verloop van sy lewe en onregverdigte behandeling nie? Was hy deels verantwoordelik vir sy eie lot omrede hy nie met groter versigtigheid die drome wat hy gehad het aan sy broers en vader oorvertel het nie (Gen. 37:5-11)? Was sy jonkheid en sy onvolwassenheid die rede vir die gebrek aan wysheid hoe om die roeping op sy lewe met nederigheid te hanteer? Ja, יהוה het Yosef te midde van teëspoed geseën, maar hy moes in Mitzrayim ook belangrike lewenswaarhede leer, en sy getrouheid moes getoets word, alvorens hy gereed was vir die taak waarvoor יהוה Hom opgerig het! Yosef het guns gevind te midde van hartseer en lyding!

In vele opsigte is ons lewens nie anders as die van Yosef nie! As mens worstel ons almal met die vraag: Waarom is teëspoed wat met hartseer en lyding gepaard gaan deel van die lewe? Vind ons die antwoord in die Skrifte?

Ons gee dikwels mensgeformuleerde verklarings vir teëspoed, hartseer en lyding. Sommige denominasies beskou dit alles as God se wil en berus daarby. Ander denominasies beskou dit as die werk van satan en sy demoniese magte en gaan dan oor tot geestelike oorlogvoering! Wat is egter die waarheid? Is die mens nie dikwels self die argitek vir sy eie teëspoed, hartseer en lyding nie? Gaan dit oor die keuses wat ons maak? Is teëspoed nie dikwels die wyse wat God ons konfronteer, ons soos 'n silwersmid suiwer en ons getrouheid beproef nie?

Is teëspoed God se wil?

Wanneer teëspoed tref, vra mense dikwels: Hoe kon God dit toelaat of Hoe kon God dit gedoen het? Is Hy dan nie 'n liefdevolle Vader wat ons belange te alle tye op die hart dra nie? Ons weet dat יהוה Almagtig en Alomteenwoordig is en daarom die teëspoed en hartseer kon verhinder het. God het nie net liefde nie, maar Hy is liefde (1Joh. 4:16)!! Hy is 'n liefdevolle Vader wat die belange van Sy kinders op Sy hart dra. Ware liefde is om te voorsien en te beskerm. Daarom die vraag: Is teëspoed met die gepaardgaande hartseer en lyding dan die wil van 'n liefdevolle God en Vader?

Indien ons sê dat teëspoed die wil van יהוה is, dan moet ons vra of Hy dit toelaat en of Hy dit bewerkstellig? Indien ons beweer dat God dit bewerkstellig, dan kan ons wel vra of dit ware liefde is?

Sommige glo dat teëspoed soos siekte of dood van 'n geliefde die wyse is hoe God diegene tugtig wat Hy liefhet en dan word teksverse soos Heb. 12:6-7 aangehaal, naamlik dat God dissipleneer hom wat Hy lief het, soos 'n Vader sy kind sal dissipleneer!

Die vraag moet egter dan gevra word: Watter aardse ouer sal sy kind met siekte of teëspoed tugtig? Daarby kan ons ook vra: Sal 'n aardse ouer sy kind tugtig indien sy kind dit nie verdien nie? Dit is sekerlik nie wat liefde is nie, en יהוה is tog liefde, en dit is sekerlik ook nie die doel van tugging nie! Indien teëspoed wel God se tugging is, dan beteken dit dat ons dit verdien. Dan kan ons nie God 'blameer' nie, maar net onself. Dan vereis dit selfondersoek!!

Indien ons egter glo dat God nie teëspoed in ons lewens bewerkstellig nie, maar dit slegs toelaat, dan beteken dit dat die oorsaak en oorsprong daarvan nie by God gesoek moet word nie. Hy laat dit dan toe sonder om dit te keer. Dan is die oorsaak en oorsprong of onself weens verkeerde keuses, of satan wat kom om te steel, te slag en te verwoes (Joh. 10:10), of bloot 'n sameloop van omstandighede waarvoor ons geen beheer het nie. Die vraag is dan steeds hoekom God dit toelaat? Kon die mens iets doen om dit te verhinder het?

So dikwels verontagsaam mense waarskuwings en gevaartekens in sekere areas van hulle lewe, maar sal nogtans dit as die wil van יהוה beskou wanneer teëspoed hulle later in daardie areas tref. Kan so 'n mens dan steeds verwag dat God hom uit sy nood moet red? Wat van dit wat jy saai, sal jy moet oes?

Die mens se verantwoordelikheid

Deur teëspoed, hartseer en lyding as die wil van יהוה te beskou, onthef die mens homself van enige verantwoordelikheid en aanspreeklikheid. Dit is om jouself te verontskuldig en die blaam of oorsaak elders te plaas. Die wat hierdie standpunt huldig verontagsaam egter die woorde van Yeshua in Joh. 10:10, naamlik:

Die dief kom nie, as net om te steel, dood te maak en te vernietig nie. Ek het gekom dat hulle lewe kan hê en watter oorvloed daar ook al vir hulle is.

Hierdie Skrif is tog duidelik dat die dief, naamlik satan, die een is wat steel, doodmaak en verwoes. Satan is daarop uit om alles van jou te steel, om dood te maak en om te verwoes indien hy die geleentheid kry. Hy is dus die vyand wat gekeer en oorwin moet word. Indien teëspoed, hartseer en lyding as die wil van God beskou word, word satan en sy bose magte dus ook van alle blaam onthef.

Volgens Joh. 10:10 is dit tog ook duidelik dat Yeshua gekom het dat ons lewe en oorvloed kan hê. Hierdie lewe en oorvloed is die ewige lewe wat in Yeshua is, maar wat manifesteer in die lewe van oorwinning en oorvloed voorsiening in al ons behoeftes. Dit is dus יהוה se wil om die mens in elke area van sy lewe te seën.

Wat is dus die mens se verantwoordelikheid? Die antwoord kry ons in Jak. 4:7-10, naamlik:

- 7 Wees dan gehoorsaam aan God en staan op teen die teëstander en hy sal van julle af wegvlug.
- 8 Kom nader na God toe en Hy sal nader kom na julle toe. Sondaars, reinig julle hande; twyfelaars, sonder julle gedagtes, wil en emosies af!
- 9 Wees nederig, treur en huil. Laat julle gelag in rou verander word en julle blydschap in droefheid.
- 10 Wees nederig voor יהוה en Hy sal julle oplig.

Hiervolgens moet elke gelowige hom eerstens aan יהוה onderwerp en tweedens die duiwel weerstaan. Hierdie twee aksies staan nie los van mekaar nie. Ons kan nie slegs een van die twee doen nie, maar ons moet beide doen in die volgorde om ons eers aan יהוה en Sy Torah te onderwerp en dan die teëstander (satan) te weerstaan. Op dié wyse sal die dief van jou af wegvlug. God gaan nie ingryp nie indien ons nalaat om te doen wat Hy ons beveel het. Indien ons ons verantwoordelikheid ontduik, kan Vader-God nie anders as om “toe te laat” dat satan van jou en my steel nie.

יהוה se wil is dat ons Sy Koninkryk sal soek en Sy onpartydige opregtheid sal doen, want alleenlik dan sal daar in al ons behoeftes voorsien word (Matt. 6:33). God het Yeshua wat geen sonde gehad het nie, sonde gemaak sodat ons Sy onpartydige opregtheid deur vertrouwe deelagtig kan word (2Kor. 5:21). Maar dan moet ons in gehoorsaamheid aan God se Torah, soos dit in Yeshua vervolmaak is, lewe! Dit is die opsomming van onderwerping aan יהוה. Hiervolgens is dit duidelik dat die mens 'n rol het om te vervul, naamlik vertrouwe en getrouheid (gehoorzaamheid). Ons kan nie net agteroor sit en alles in die hande van God laat nie. Wanneer ons ons verantwoordelikheid nagekom het, dan sal ons Vader ingryp om ons te ondersteun, te beskerm en te voorsien.

Volgens bogenoemde is dit dus duidelik dat die mens dikwels vir sy eie teëspoed, hartseer en lyding verantwoordelik is. Die rede hiervoor is verkeerde keuses en veral die keuse om יהוה se Torah te verwerp as uitgedien. Torah is God se onderrig en instruksies aangaande Sy geestelike- en natuurwette. Enige een wat dit willens en wetens oortree, sal die nadelige gevolge van teëspoed, hartseer en lyding dra. Elkeen het 'n keuse van 'n lewe volgens die onderig en instruksies van יהוה se Torah of 'n lewe waar dit geminag word as uitgedien:

- 15 Let op, ek het jou vandag die lewe en voorspoed en die dood en moeilikheid, voorgehou;
- 16 deurdat ek jou vandag beveel om יהוה, jou God, lief te hê, in Sy paaie te loop, Sy opdragte, reëls en wette te doen sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en יהוה, jou God, jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit te besit,

17 maar as jou verstand, wil en emosie wegdraai en jy nie wil gehoorsaam nie, maar weggetrek word en ander gode aanbid en hulle dien,

18 dan verkondig ek vandag aan julle dat julle sekerlik sal omkom. Julle sal nie jul dae verleng in die land waarheen jul oor die Yarden trek, om dit te besit nie.

19 Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. Kies dus die lewe sodat jy kan lewe, jy en jou nageslag,

20 deur יהוה, jou God, lief te hê, deur Sy stem te gehoorsaam en aan Hom vas te hou, want dit is jou lewe en die lengte van jou dae sodat jy kan woon in die land wat יהוה aan jou vaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee." Deut. 30:15-20.

God se wil

Dit is die wil van Vader-God om elkeen van Sy kinders te seën, maar soos ons tot nou by herhaling verduidelik het, vereis Vader se seën vertroue en getrouheid.

Hoewel dit waar is dat ons deur vertroue alles sal ontvang wat ons vra (Matt. 21:22; Mark. 11:24; Joh. 16:23), is dit eweneens waar dat God ons slegs sal seën indien ons in alles gehoorsaam is. Indien ons Hom liewer het as onself en liewer as enige iets anders, dan sal ons in alles gehoorsaam wil wees (Joh. 14:15; 21 en 24). Gehoorsaamheid is 'n voorvereiste vir יהוה se seën.

Sonde is wanneer ons handeling, gedagtes, emosies en woorde nie ooreenstem met die van God nie. Dit plaas ons buite die wil van ons Vader en die resultaat is 'n versteurde verhouding waar ons kwesbaar is vir die aanvalle van satan. Onthou: Sonde is wetteloosheid – om sonder die wet te wees (1Joh. 3:4).

יהוה het die verantwoordelikheid as ons Hemelse Vader op Hom geneem om vir ons te sorg. Die wat in Sy huis as gehoorsame kind woon se beker sal tot oorlopens met goedheid en guns gevul word. (Psalm 23). Dan sal Hy as Vader 'n skild en veilige vesting wees (Ps. 3:4; Ps. 5:13; Ps. 18:3). Die dief sal steeds poog om te slag, te steel en te vewoes, maar jy sal effektief weerstand kan bied en elke negatiewe situasie sal omgedraai word in 'n positief. Dan is dit wanneer God vir ons is en niemand of niks teen ons staande sal kan bly nie (Rom. 8:31).

Teëspoed, hartseer en lyding is nie God se wil nie. Hy is nie die oorsaak daarvan nie, maar wel die oplossing. Derhalwe behoort elkeen ten tye van teëspoed en beproewinge eerstens die volgende te vra: Is my verhouding met Vader een van totale onderwerping aan Sy wil en in gehoorsaamheid aan al Sy opdragte?

Maar wat as ons oortuig is dat ons wel in gehoorsaamheid aan יהוה lewe, maar ons gebede word steeds nie verhoor nie?

God se wil en my wil

Ons moet besef dat die Vader se antwoord soms ook *Nee.. of Nie nou, wag eers...* kan wees. Enige ouer sal weet dat 'n *Nee.. of Nie nou nie, maar eendag...* 'n wyse antwoord is op jou agtjarige seun se versoek om byvoorbeeld jou motor te wil bestuur. Vanweë die kind se beperkte begrip van die gevare en wettelike implikasies, sowel as sy onvermoë, kan die ouer se antwoord as onredelik en as verwerping deur die kind beskou word. As ouers weet ons ook dat 'n *Nee..* antwoord, met 'n gepaardgaande verduideliking aan 'n kind, gewoonlik met 'n teenvraag van *Waarom nie...?* beantwoord word. Vanweë 'n kind se beperkte lewenservaring,

asook beperkte verwysingsraamwerk, is hy nie in staat om die werklike realiteit van sy versoek te verstaan nie.

Dieselfde situasie bestaan tussen Vader-God en ons as Sy kinders. God in Sy voorkennis en wysheid, sien en verstaan die realiteit van dit wat ons vra baie beter as wat ons ooit kan. Hy is ons Vader wat vir ons lief is en net die beste vir ons wil gee, maar Hy weet ook wanneer die antwoord *Nee.. of Nie nou nie, maar later...* moet wees. As Vader tree Hy altyd in ons belang op. Hy weet wat vir ons die beste is. Ons moet Hom net vertrou! Ons kan egter met sekerheid weet dat elke gebed wat volgens God se wil gebid word deur iemand wat in die regte verhouding met Hom staan, onmiddelik verhoor word. Die manifestasie, met ander woorde die sigbaarwording daarvan, kan egter tydgebonde wees. Daarom moet ons aanhou bid en nie moedeloos word nie (Luk.18:1; 1Thess. 5:17).

Daar gaan tye wees wanneer ons nie alles gaan verstaan en wanneer ons voel dat God nie ons gebede verhoor nie. Ons sal ook soms voel om soos Yeshua aan die kruis uit te roep: *My God, my God, waarom het U my verlaat!* Dit is in hierdie tye wat ons egter moet vra vir daardie vrede wat alle verstand te bowe gaan om ons te vul (Fil. 4:7). Ons verstaan nie die hoekom nie, maar ons moet die sekerheid hê dat ons Vader in ons belang optree.

Die lewe is soos `n legkaart met 1000 stukkies en ons moet glo dat al die stukkies uiteindelik sal pas om presies soos die prentjie op die houer te lyk. יהוה het hierdie prentjie vir ons elkeen se lewe geskep en Hy weet waar elke stukkie van die legkaart pas.

Smith Wigglesworth het gesê: *God has a plan beyond anything we have ever known. He has a plan for every individual life, and if we we have any other plan in view, we miss the grandest plan of all.* Die geheim van `n suksesvolle en geseënde lewe is om יהוה se plan vir jou lewe te ontdek en gewillig met Hom mee te werk om Sy plan vir jou lewe uit te voer. Dit is wat Yosef gedoen het!

יהוה sien die groter prentjie. Hierdie waarheid word geïllustreer in Johannes 11. Terwyl Martha, Maria, familie en vriende slegs El'azar (Lasarus) se siekte gesien het, het Yeshua geweet dat hierdie siekte nie tot die dood toe is nie, "maar tot die eer, lof en aanbidding van God sodat die Seun van God daardeur vereer en geloof kan word." (vers 4). Tydens die krisis kon die mense dit nie verstaan nie. Hulle het wel die vertrou gehad dat Yeshua hulle nie versak het nie. Eers toe El'azar uit die dode opgewek is, het hulle die grootheid en almag van God op `n wyse verstaan soos nog nooit voorheen nie. יהוה het nie die siekte veroorsaak nie, maar het bewys dat Hy selfs mag oor die dood het.

God se wil was anders as die van El'azar se familie en vriende. Selfs midde in `n krisis, hartseer of teleurstelling kan ons weet dat ons Vader in beheer is. Ons dilemma is om Hom te vertrou dat Hy `n beter plan het as dit wat ons midde in ons krisis kan sien. Vertroue in יהוה is ook `n vaste vertrou dat HY te alle tye, en in alle situasies, in ons belang sal optree.

Opsommend

יהוה is nie die oorsaak van hartseer, teleurstelling, pyn en lyding nie, maar sal dit soms wel met `n doel toelaat. Ons het die sekerheid dat Vader ons in elke area van ons lewe wil seën. Ons het egter ook `n verantwoordelikheid, en derhalwe `n rol om te speel, om te verhinder dat teëspoed ons tref. Die oplossing is om ons hele lewe aan God te onderwerp en satan dan te weerstaan. Indien ons dit doen en teëspoed tref ons, dan kan ons die sekerheid hê dat ons Vader in beheer is en dat Hy namens ons in sal gryp. Die grootheid van יהוה sal openbaar word indien ons in vertrou en in gehoorsaamheid ons aan Sy wil onderwerp!

Ons Hemelse Vader weet wat vir ons die beste is en Hy wil Sy goedheid en onverdiende guns aan Sy kinders bewys. Kom ons juig met dankbare harte vir Sy onverdiende guns! Hy is ons God en ons liefdevolle Vader wat vir ons sorg.

want Ék weet watter planne Ek vir julle het,' verklaar יהוה, 'planne vir welvaart en nie van katastrofe nie, om vir julle 'n toekoms en 'n versekerde verwagting te gee, Jer. 29:11.

Bepeins of Bespreek

1. Indien ons glo dat teëspoed, hartseer en lyding die wil van God vir Sy kinders is, moet ons dankbaar vir dit wees, want dan is ons binne Sy wil. Dan kan ons nie vra dat ons Vader die teëspoed moet wegneem nie, want dan vra ons dat Hy Sy wil moet verander om by ons wil aan te pas. En ons wil is tog sekerlik nie belangriker as dié van God nie!

-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.